24.4 RAPPORT 4: KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM – FINANSIËLE SAKE (Artt 71, 177, 178)

24.4 REPORT 4: CURATORS THEOLOGICAL SCHOOL POTCHEFSTROOM – FINANCIAL MATTERS (Arts 71, 177, 178)

A. Dr D Lartz stel die Rapport.
Dr D Lartz tables the Report.

B. **Besluit:** Punte 2.1 tot 2.4 word na die Finansiële Kommissie verwys.
Decision: Points 2.1 to 2.4 are referred to Financial Commission.

C. Ds DG Zwemstra rapporteer namens die Finansiële Kommissie.
Rev. DG Zwemstra reports on behalf of the Financial Commission.

D. **RAPPORT / REPORT**

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem Finansiële state en begrotings sal deur die Administratiewe Buro verskaf word.	**1. Matters that the Synod takes note of** Financial statements and budgets will be provided by the Administrative Bureau.
1.1 *Versorging van Emeriti* Die Versorgingskommissie besoek die emeriti en emerituseweduwees en rapporteer skriftelik aan die Junie- of November-Kuratorevergadering oor hulle welstand en versorging. Indien daar versorgingsnood ontstaan, word dit dadelik deur die Kuratore Dagbestuur hanteer. Met die oog daarop dat daar skielik nood by die emeriti kan ontstaan, is daar ook ‘n fonds geskep om emeriti met onvoorsiene nooduitgawes te help. Hierdie fonds beloop ongeveer R1 000 000.	1.1 *Care of Emeriti* The Care commission visits the emeriti and emeritus widows and reports in writing to the June or November Curators' meeting about their well-being and care. If a maintenance emergency arises, it is dealt with immediately by the Curators' Executive Board. With a view to the fact that a sudden need may arise for the emeriti, a fund has also been created to help the emeriti with unforeseen emergency expenses. This fund amounts to approximately R1 000 000.
1.2 *Elektroniese vergaderings van Kuratore* Ten einde reis-, ete- en verblyfkoste te bespaar, het die Kuratore besluit om waar moontlik van elektroniese vergaderings gebruik te maak. Met die oog hierop het die Kuratore ‘n lisensie vir die program, “Zoom” aangekoop sodat vergaderings ononderbroke elektronies kan plaasvind. Die Junievergadering van die Kuratore, word suksesvol so hanteer. Indien die sakelys egter vereis dat al die Kuratore na Potchefstroom moet kom, word ‘n vergadering só opgeroep.	1.2 *Electronic meetings of Curators* In order to save travel, meal and accommodation costs, the Curators decided to make use of electronic meetings where possible. With this in mind, the Curators have purchased a license for the program, "Zoom", so that meetings can take place electronically without interruption. The June meeting of the Curators is successfully handled in this way. However, if the agenda requires all the Curators to come to Potchefstroom, a meeting is called in this way.
1.3 *Behuising en versorging van Kandidaatstudente* Ten einde geld op behuising te spaar wat per student R32 400 per jaar beloop, het die Kommissie vir Finansiële Ondersteuning, deur die Administratiewe Buro as Regspersoon, die huis te Silwerstraat 37 uit opgehoopte fondse gekoop. Op hierdie	1.3 *Housing and care of Candidate students* In order to save expenses on housing which amounts to R32 400 per year per student, the Commission for Financial Support, through the Administrative Bureau as a Legal Person, bought the house at 37 Silver Street from accumulated funds. In this way, six (6) students are permanently housed in the

wyse word ses (6) studente deurentyd in die huis te Silwerstraat gehuisves. Verder word daar ook vir 6 ander studente behuising betaal teen R2 700 per student per maand. Vyftien (15) studente ontvang ook voedselhulp per week. Dit beloop R600 per student per week. Hierdie versorging van die Kandidaatstudente word uit die Studente Hulpkas betaal. Daar word ook jaarliks 'n skenking van die Saaiers van die Woord Fonds ontvang.	house on Silver Street. Furthermore, housing is also paid for 6 other students at R2 700 per student per month. Fifteen (15) students also receive food aid each week. This amounts to R600 per student per week. This care of the Candidate students is paid for from the Student Aid Fund. A donation is also received annually from the Sowers of the Word Fund.
Die finansiële versorging wat die akademiese opleiding betref, word uit die Studentekas betaal waarvoor daar verpligte kollektes deur die Algemene Sinode vasgestel word. Daar word ook jaarliks 'n skenking van die Pro Reformando Trust ontvang. In hierdie opsig poog die KFO om aan eerstejaars R15 000 per persoon as beurs te gee, en vanaf die tweede jaar word gepoog om die volle koste van die opleiding te betaal. Op hierdie stadium (2022) word aan sewe en dertig (37) studente hulp verleen.	The financial care regarding the academic training is paid from the Student Treasury, for which mandatory collections are established by the General Synod. A donation is also received annually from the Pro Reformando Trust. In this respect, the KFO aims to contribute R15 000 per person as a bursary to first years, and from the second year onwards, the aim is to pay the full cost of the training. At this stage (2022) thirty-seven (37) students are given aid.
1.4 *Versorging van Teologiese Professore*	1.4 *Care of Theological Professors*
Die Versorgingskommissie van die Kuratore besoek die professore en hulle gesinne om hulle sodoende uit die Woord te bemoedig en te versterk met die oog op hulle taak. Tydens die besoeke word ook navraag gedoen na die finansiële welsyn van die Kuratore. Die Versorgingskommissie rapporteer jaarliks tydens die November-vergadering aan die Kuratore.	The Care commission of the Curators visits the professors and their families in order to encourage and strengthen them from the Word with a view to their task. During the visits, inquiries are also made about the Financial welfare of the called professors. The care commission reports annually to the Curators during the November meeting.
Kragtens die ooreenkoms met NWU, is die Kuratore ook verantwoordelik vir die betaling van 50% van agt (8) professore se traktement. Hierdie 50% van die maandelikse traktement is 'n bedrag van R314 896 per maand.	Under the agreement with NWU, the Curators are also responsible for paying 50% of eight (8) professors' remuneration. This 50% of the monthly allowance is an amount of R314 896 per month.
Verder betaal die Kuratore ook maandeliks 'n mediese toelaag ten bedrae van R80 664 per maand oor aan die beroepe Professore. Die pariteitsbedrag waarvolgens al die Professore op die kerf van Mede-professor versorg word, beloop R61 014 per maand.	Furthermore, the Curators also pay a monthly medical allowance amounting to R80 664 per month to the called Professors. The parity amount according to which all the Professors are taken care of at the rank of Associate Professor amounts to R61 014 per month.
1.5 *Administratiewe Personeel*	1.5 *Administrative Staff*
Die Kuratore betaal 67% van die Bibliotekaresse wat in Jan Lion Cachet Biblioteek werksaam is, se salaris. Dit	The Curators pay 67% of the salary of the Librarians who work in the Jan Lion Cachet Library. This amounts to an amount of R28

beloop ‘n bedrag van R28 117 per maand. Verder word die salaris van die Registrateur, die adjunk-registrateur en die ontvangsdame by die Teologiese Skool, asook die persoon wat die studente met voordrag help, betaal. Hierdie beloop ‘n bedrag van R56 512 per maand. Reiskoste, ingesluit die jaarlikse Kuratorevergadering beloop R20 000 per maand.	117 per month. Furthermore, the Salary of the Registrar, the deputy Registrar and the receptionist at the Theological School, as well as the person who helps the students with recitation, is paid. This amounts to an amount of R56 512 per month. Travel costs, including the annual Curators' meeting amount to R20 000 per month.
1.6 *Bronne van Inkomste* Die inkomste van die Kuratore word verkry deur die ramings wat deur die Algemene Sinode vir die Teologiese Skool vasgestel word en jaarliks deur die gemeentes aan die Administratiewe Buro betaal word. Verder word inkomste verkry uit verpligte kollektes wat deur die Algemene Sinode wat vir die Studentekas vereis word. Inkomste vir Studente Hulpfonds is ‘n raming wat deur die Algemene Sinode vasgestel word. Indien fondse beskikbaar is, word daar ook jaarliks ‘n skenking van Saaiers van die Woord ontvang.	1.6 *Sources of Income* The income of the Curators is obtained from the “ramings” established by the General Synod for the Theological School and paid annually by the congregations to the Administrative Bureau. Furthermore, income is obtained from compulsory collections required by the General Synod for the Student Treasury. Income for Student Aid Fund is an estimate established by the General Synod. If funds are available, a donation is also received annually from Sowers of the Word.
1.7 *Versorging van proponente wat beroepe afwag* Die Kuratore word voor die realiteit gestel dat studente na hulle studies as proponente ‘n geruime tyd wag voor dat hulle ‘n beroep ontvang. Daar is geen fondse beskikbaar binne die begroting van die Teologiese Skool om hulle in hulle nooddruf te ondersteun nie. Die Kuratore het besluit om die Algemene Sinode te nader met die versoek om ‘n raming of verpligte kollekte te bewillig om sodoende ‘n fonds te stig waaruit hierdie proponente wat beroepe afwag in samewerking met die sturende kerke, ondersteun kan word wat hulle lewensonderhoud betref.	1.7 *Care of proponents awaiting a calling* The Curators are faced with the reality that after their studies as proponents, students wait for some time before they receive a calling. There are no funds available within the budget of the Theological School to support them in their time of need. The Curators decided to approach the General Synod with the request to approve a “raming” or compulsory collection in order to establish a fund from which these proponents who await vocations in cooperation with the sending churches, can be supported in terms of their livelihood.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.7 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.7 noted.**
2 Sake waaroor die Sinode besluit 2.1 Dat daar weer ‘n raming vasgestel word vir die Teologiese Skool Potchefstroom. 2.2 Dat daar weer ‘n raming vasgestel word vir Studente Hulpkas. 2.3 Dat daar weer verpligte kollektes vasgestel word vir die Studentekas. 2.4 Dat ‘n raming of verpligte kollekte bewillig om die proponente wat beroepe afwag te ondersteun.	**2 Matters that the Synod decides on** 2.1 That a “raming” be established for the Theological School Potchefstroom. 2.2 That a “raming” be established for Student Aid Box. 2.3 That compulsory collections be established again for the Student Treasury. 2.4 That a “raming” or compulsory collection be appropriated to support the proponents awaiting callings.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.4 verwys na Finansiële Kommissie. **Besluit: Die volgende kollektes word goedgekeur:** • **4 Verpligte kollektes vir Studentekas.** • **2 Verpligte kollektes vir Studente Hulpfonds.** • **1 Vrywillige kollekte vir Proponente Hulpfonds.** - **Die kerk onder wie se herderlike sorg die betrokke proponent val, kan dan aansoek doen by hierdie fonds, indien sy (die kerk) nie self kan help nie.** - **Die Kommissie beveel dan ook aan dat die Kuratore 'n Reglement opstel vir die Proponente Hulpfonds.**	**Decision: Points 2.1 to 2.4 are referred to Financial Commission.** **Decision: The following collections were approved:** • **4 Compulsory collections for Studentekas.** • **2 Compulsory collections for Student Relief Fund.** • **1 Voluntary collection for Proponente Relief Fund.** - **The church under whose pastoral care the licensee in question falls can then apply to this fund, if she (the church) cannot help in full.** - **The Commission also recommend that the Curators prepare a charter for the Proponente Relief Fund**.

D. RAPPORT FINANSIËLE KOMMISSIE / REPORT FINANCIAL COMMISSION

1. Opdrag Voorsien die Sinode van 'n aanbeveling vir sake verwys: 24.4, punte 2.1 en 2.2. **Besluit: Kennis geneem.**	**1. Mandate** Provide the Synod with a recommendation for affairs referred: 24.4 points 2.1 and 2.2 **Decision: Noted.**
2. Werkswyse Die Kommissie het br HJD Coetzee en br LJ Kruger genader om deel te vorm van die Kommissie, sodat die ware inkomste en uitgawes van verskillende fondse nagegaan kan word. **Besluit: Kennis geneem.**	**2. Modus operandi** The Commission approached br HJD Coetzee and br LJ Kruger to form part of the Commission, so that the true income and expenditure of various funds could be checked. **Decision: Noted.**
3. Beredenering Die ramings word deur die Admin Buro uitgewerk, na gelang van werklike inkomste en uitgawes. Siende dat daar waarskynlik nog lewensvatbaarheidstudies en finansiële besigheidsplanne opgestel gaan word vir die nuutgestigte GTA, redeneer die Kommissie dat al hierdie uitgawes nie sonder die Admin Buro se insette aangegaan word nie. **Besluit: Kennis geneem.**	**3. Reasoning** The "ramings" are calculated by the Admin Bureau, depending on actual income and expenses. Seeing that feasibility studies and financial business plans are likely to be drawn up for the newly established RTA, the Commission argues that all these expenses are not incurred without the Admin Bureau's input. **Decision: Noted.**
4. Aanbevelings 4.1 Die Sinode verwys die ramings na die Admin Buro.	**4. Recommendations** 4.1 The Synod refers the "ramings" to the Admin Bureau.

4.2 Die Finansiële Kommissie beveel aan dat die lewensvatbaarheidstudie en finansiële besigheidsplanne vir die gestigte GTA in oorlegpleging met die Admin Buro gedoen word. **Besluit: Punte 4.1 en 4.2 goedgekeur.**	4.2 The Financial Commission recommends that the feasibility study and financial business plans for the established RTA be conducted in consultation with the Admin Bureau. **Decision: Points 4.1 and 4.2 approved.**